

21 November 2021

Hoërskool Kategese

2 Samuel 23:1-7



wat wil jy vandag bereik?

Vandag vier ons fees oor Jesus. Hy is ons koning.

Ons luister na die laaste woorde van Dawid.

Dawid sou beskryf kon word as die beste koning wat Israel ooit gehad het.

Dawid verduidelik dat sy goeie koningskap egter nie te danke aan homself is nie, maar dat dit God was wat agter alles sit.

Ter wille van gemeentes
wat gewoon is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van
Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het
dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede
van die NOUS span te nooi
om opleiding rondom hierdie metodiek
te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Wat maak van iemand 'n goeie leier?

'n Kaptein van 'n sportspan.

Leerlingraad.

Skoolhoof.

President.

Wat maak van iemand 'n goeie mens?

Is daar 'n verskil tussen 'n goeie leier en 'n goeie mens?

word stil

**As die Here die huis nie bou nie,
swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs.**


**As die Here die stad nie beskerm nie,
waak dié wat dit beskerm, tevergeefs.**

Psalms 127:1

GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

lees 2 Samuel 23:1-7 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.



gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

Wat maak dat iemand vandag hoog geplaas is?
(Belangrik)

Wat maak iemand hoog geplaas, volgens Dawid?

Wat beteken dit as iemand 'n gesalfde is?

Mens sou hierdie woorde van Dawid kon beskryf as
die laaste woorde van sy memoir / biografie.

Hy verduidelik waaraan hy, sy sukses toeskryf.
Watter rede gee hy vir sy goeie koningskap?

Dawid beskryf die kontras tussen iemand wat God eerbiedig en iemand wat goddeloos leef. (Watter gevolge hulle optrede het.)

Watter gevoel skep die verskillende beskrywings by jou?

Wat sou jy verkies?

Goeie leiers is goed, maar slegte leiers is baie sleg.

Dawid was 'n *legend* omdat hy 'n goeie (gehoorsame) koning was. Dawid is deur God gelei. God het hom geïnspireer en gemotiveer.

Ons het nou ook sulke *legend* leiers (soos Dawid nodig).

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef
in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Watter leiers inspireer / motiveer jou?

Hoe kan ons leef dat mense sien God inspireer / motiveer ons?

Gesels oor die stelling: **Humankind. Be both.**

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom
waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou
geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding

